

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
18 Januarie 1981

Onderwerp: Die lewende God bied lewende hoop

Lees: 1 Petrus 1 verse 1 tot 12

Teks: 1 Petrus 1 verse 3 en 4

Sing: Psalm 98 verse 1 en 3
Gesang 306 vers 2
Gesang 175 verse 4 en 5

“Broers en Susters, as u vanmôre sonder hoop is; as u moedeloos geword het; as die stryd van die lewe vir u te veel geword het en u soos Elia onder die besembos beland het; as u al lank met liggaamlike siekte worstel; as u op die punt is om alle hoop op te gee, nooi ek u om saam na die Woord van God te gaan soos ons dit vind in 1 Petrus 1 verse 1 tot 12 en veral verse 3 en 4: ‘Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat na sy grote barmhartigheid ons die wedergeboorte geskenk het tot ’n lewende hoop deur die opstanding van Jesus Christus uit die dode’.

“Petrus skrywe hierdie woorde aan die gelowiges van die eerste Christenkerke in die verstrooiing. Mense wat die geweldige beproewinge ondervind het in ’n vreemde, koue, Godlose wêreld wat hulle omring het. Mense wat swaar moes ly en groot offers moes bring, die offers van hulle lewe, terwille van hulle verbintenis met Jesus die Nasarener, onder die wrede keiser Nero. Christene wat hulle bevind het in ’n Christendom wat tot sy fundamente geskud is.

“Wat kan Petrus vir hierdie gelowiges sê wat hulle staande kan hou? Wat is die belangrikste ding wat hulle en al die gelowiges van alle tye onder alle omstandighede staande kan hou? Wat is daardie een ding waaraan ’n mens kan vashou as alle ander dinge om jou in duie gestort het?

“Broers en Susters, is dit nie die lewende hoop nie?

“Dit is dan ook die sentrale tema van hierdie boek. Hoop! Nie goedkoop menslike optimisme wat maar hoop vir die beste nie. Nee, hier gaan dit om ’n lewende hoop wat op onwankelbare fundamente staan.

“Onwankelbaar omdat hierdie fondament God die Vader is. God, die Vader van Jesus Christus, wat ons die

wedergeboorte en die nuwe lewe skenk. Hy doen dit deur die opstanding van Jesus Christus.

“En Broers en Susters, nie net vir die vervolgte gelowiges in Klein-Asië nie, maar vir die mens van alle tye is daar net een boodskap: Dit is die lewende hoop waaruit ons daaglik moet lewe. Die lewende hoop wat deur God gewaarborg word en deur die opstanding van Jesus Christus aan ons bevestig is. Dié hoop is gewaarborg deur God. Petrus sê: Aan God kom al die lof toe, wat aan ons lewende hoop gee.

“Dit klink so mooi, maar wat nou as alle hoop vervaag het, omdat God vir ons vervaag het?

“Hierdie lewende hoop is afhanklik van God wat dit gee. Hy is die wentelpunt waarom alles draai. Met ander woorde, as ons nie meer in hierdie God glo nie, as hierdie God nie meer vir ons bestaan nie, watter nut het hierdie mooi beloftes dan vir ons?

“Dit, Broers en Susters, is ’n wesenlike probleem. Die geloof in God wat hier as vanselfsprekend aanvaar word, is vir baie nie meer so vanselfsprekend nie.

“In ons dag twyfel mense nie soseer aan hierdie of daardie leerstuk van die Bybel nie. Nee, hulle trek eenvoudig ’n streep deur alles, omdat hulle ’n streep deur die bestaan van God getrek het.

“Ons het nie geleerde teoloë om vir ons te sê dat God dood is nie. Prakties is Hy vir die meeste mense dood.

“Kom ek noem vir u die volgende:

“Laat ons eerlik wees. Ons glo nie meer soos die vorige geslagte aan ’n God wat daarbuite in die natuur alles beheer en bepaal nie. Die natuurwetenskap het lankal vir God uit natuurverskynsels, soos droogte, reën, aardbewegings en storms, weg verklaar. Ons kan nou al rustig sonder God die buitenste ruimtes verken. Ons glo ook nie meer aan ’n persoonlike God wat in ons lewe vir ons alles ten goede laat meewerk nie. Ook hier het ons geleer om deur tegniese kennis, die mediese wetenskap en ekonomiese lewe ons eie sake gerieflik in te rig sonder God.

“Broers en Susters, God het vir ons stilweg van die toneel verdwyn. Hy het gesterwe omdat Hy nie meer ’n plek in die 20ste eeu het nie.

“Maar, Broers en Susters, God het ook ’n geweldadige dood gesterf. Hy is vermoor deur diegene wat totaal vry van Hom wil wees. Mense wat vry wil wees van die gedagte aan ’n God wat oor jou skouer loer - van ’n God wat by is by alles wat jy sê, dink of doen.

“Die mens wil nie ’n God hê wat as skeidsregter of beoordelaar van sy lewe optree nie. Die mondige mens sê dat hy niks meer van God nodig het nie en wil dus in geen enkele opsig aan Hom verantwoording verskuldig wees nie. Al wat van belang is, is om mens te wees in eie reg, in ’n bestaan wat aan niks of niemand verantwoording verskuldig is nie. So lyk die outonome mens van hierdie eeu wat God vermoor het.

“Maar Broers en Susters, hierdie saak is nie sonder konsekwensies nie.

“As God dood is, dan is ons ook dood. Dan is daar vir ons ook geen toekoms meer nie. Dan het die lewende hoop vir ons geword ’n lewende dood.

“Die sogenaamde vermoording van God is meer as net die oorboord gooi van ’n stukkie uitgediende Godsdienste. Die mens mag dink dat deur God dood te verklaar, of deur te lewe asof Hy dood is, hy ontslae kan raak van ’n lastige stuk oorgelewerde tradisie, wat tot ’n vroëre onkundige lewe behoort het. Dat die res van sy lewe nou ongehinderd en onbelemmerd kan voortgaan.

“Dit is ongelukkig nie die geval nie. Dit is ’n illusie.

“Broers en Susters, as God dood is, verander alles, sterf alles: kuns, wetenskap, kultuur en beskawing. Dan ontstaan ’n wêreld waarin die kuns degenereer tot die afstootlike; die kultuur word ’n demoniese kultus; en die beskawing gaan oor in ’n moeras van sedelose verwildering.

“Nóg die individu, nóg die maatskappy [samelewing] kan sonder God. Die maatskappy of individu wat God doodgemaak het, is self in ’n doodloopstraat.

“Is daar ’n uitweg?

“Broers en Susters, dan wil ek vir u vra: wat is die diepste behoefte van u en my wese? As ons alle bykomstighede vergeet, dan kom ons weer by die essensie. Ons het ’n uitweg nodig uit die doodloopstrate van die lewe.

“Ons moet ook eerlik wees. Dit is nie so maklik om vir die mens wat God êrens langs die pad verloor het, of doelbewus verwerp het, te sê: ‘Jy moet maar net glo’ nie. God is nie iemand na wie ons kan wys soos na die Maskamberg en sê: ‘Kyk, daar is Hy, kan jy dan nie sien nie?’

“Ons sal elders moet soek! God kan nie wetenskaplik bewys word nie. Ons moet God soek teen die agtergrond van die nood en behoeftes van die eie hart en lewe.

“Dié mens wat werklik in ’n doodloopstraat beland het, sal bereid moet wees om weer op sy knieë te gaan en te bid dat God vir hom weer moet lewe. Om saam met Paulus te vra dat ons Hom sal leer ken deur die krag van Jesus se opstanding.

“Broers en Susters, as ons soos Elia êrens vasgekeer sit en al ons gewaande vryhede uitgewoed is; as die winde en storms en aardbewegings verby is, dan kom die suising van die sagte stilte - so stil dat ons God weer kan hoor praat as Hy vir ons vra: ‘Wat maak jy hier Elia?’ (1 Kon 19:13)

“Jou lewe het nog sin, al het jy al die hoop laat vaar: ‘Ek kom om vir jou ’n lewende hoop te gee.’ Daardie lewende hoop is die wedergebore nuwe lewe. Met ander woorde, jy moet weer van vooraf begin. Jy moet ’n streep trek - nie deur die bestaan van God nie - maar deur jou mislukte en verknoeide lewe. Maar u sê: ‘Dit kan nie.’

“Broers en Susters, Jesus Christus maak alles nuut - Jesus wat sy lewe aan die kruis van Golgota gegee het; wat met sy bloed betaal het. Hy nooi ons om ons van hierdie heerlike waarheid te verseker.

“Vir die ontvangs van hierdie nuwe lewe is daar ’n voorwaarde: Hy vra alles van my lewe vir Hom. Hy is bereid om in ons behoeftes te voorsien, maar dan vra Hy medesegenskap in al ons voorspoed.

“Daar is ’n uitweg, maar dit is Sy weg. Niemand kom na die Vader behalwe deur Hom nie. En as ons gemeenskap het met Hom, dan moet ons sterwe aan onself. Solank ons soek na ’n God om ons te pas, sal Hy dood bly. Wees dankbaar as ons nood en ellende ons uitdryf na God toe.

“Hy skenk ons die wedergeboorte deur die krag van sy opstanding. En hier staan ons voor die vaste grond van ons hoop, die historiese feit dat Jesus opgestaan het en lewe.

“Uit die feit dat Hy opgestaan het en lewe, weet ons ook dat die lewe nie by die graf eindig nie.

“Dit verseker ons dat ons in Hom ’n onverganklike erfenis ontvang het, naamlik die Ewige lewe - ’n erfenis wat nooit sy skoonheid en heerlikheid verloor nie.

“In hierdie erfenis vind mens die vervulling van jou diepste wense. Dit is God se geskenk aan u en my.

“As u nog in ’n doodloopstraat dwaal en alle hoop weggekwyn het; as u nie meer verder as die kleiner wordende kring van u eie bestaan kan sien nie; of selfs as u nog dink dat u in selfvoldoening sonder hierdie geskenk kan klaarkom. Kyk net weg van uself. Kyk na

alles wat God aan u bied: 'n nuwe lewe tot 'n lewende hoop, bevestig deur Jesus wat gelewe, gesterwe en opgestaan het, sodat ons kan lewe, sterwe en opstaan.

“Dit is God se geskenk aan u en aan my.

“Amen.”

Gebed:

“Ag Here, dit is onmoontlik om só na die onderrig uit u Woord te luister, sonder om te besef hoe oneindig baie ons mis ondanks die heerlike verlossing deur U vir ons bewerk.

“Neem gestalte in ons lewe. Met U in ons lewe ontvang ons die wedergeboorte, waarsonder ons lewe uitsigloos sal wees.

“Maar Hemelse Vader as U gestalte in ons lewe geneem het en ons die geskenk van die lewende hoop, naamlik die Ewige lewe ontvang het, gee genade dat ons dit só sal uitstraal, O Here, sodat dit begeertes by ons medemens sal wek sodat hulle ast'ware na U sal hardloop.

“Gee in die lewe van u kinders só 'n beleving van hulle verlossing dat hulle woord en getuienis almal sal aanspreek en oortuig en na U sal lok.

“Amen.”